higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

VROEË KINDERONTWIKKELING
NKR VLAK 2

(5030042)

2 Desember 2020 (X-vraestel)
09:00–11:30

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

196Q1N2002

Kopiereg voorbehou

TYD: 2 ½ UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Kinders wat bo 80% presteer ...

A sit gewoonlik en geraas maak.
B het slegs goeie taalvaardighede.
C praat hard en ontwrig die klas.
D het 'n uitstekende geheue.

1.1.2 … is 'n voorbeeld van spesiale behoeftes

A Waterpokkies
B Outisme
C Masels
D Oorpyn

1.1.3 Down-sindroom word beskryf as …

A breinontwikkeling.
B fetale alkoholsindroom.
C 'n fobie.
D 'n genetiese steuring.

1.1.4 … is die algemeenste fobie onder kinders van skoolgaande ouderdom.

A Sosiale fobie
B Kloustrofobie
C Aërofobie
D Soöfobie

1.1.5 … is algemene vorme van diversiteit wat kan lei tot uitsluiting van sekere kinders.

A MIV/VIGS en kultuur
B Sosio-ekonomiese omstandighede, MIV/VIGS, kultuur en gender
C Sosio-ekonomiese omstandighede en kultuur
D Gender, kultuur en MIV/VIGS

(5 × 2) (10)

Kopiereg voorbehou

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.2.1 Speelgoed wat saamgetrek moet word se koord moenie langer as 50 cm wees nie.

1.2.2 Speel ontwikkel 'n kind intellektueel.

1.2.3 Speelgoed met klein batterytjies moenie vir peuters ('toddlers') gegee word nie.

1.2.4 Peuters moet stilbly terwyl hulle buite speel.

1.2.5 Voorwerppermanensie begin in 'n kind se tweede jaar ontwikkel.

(5 × 2) (10)

1.3 Kies 'n term uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.3.1	Die stelsel van handtekens wat dowes gebruik om te kommunikeer	A	gebaretaal ('sign language')
1.3.2	'n Fetus verloor tydens swangerskap	B	neuron
1.3.3	'n Senuweesel wat inligting tussen die brein en ander liggaamsdele dra	C	miskraam
		D	kinderverwaarlosing
1.3.4	As daar nie na kinders omgesien word nie en hulle nie versorg word nie	E	fetus
1.3.5	Die ongebore kind wat in die baarmoeder ontwikkel, gewoonlik vanaf die agtste week na bevrugting tot geboorte	F	fase 2 van geboorte

(5 × 2) (10)

1.4 Voltooi die volgende sinne deur woorde uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (11.4.1–1.4.5.) in die ANTWOORDBOEK neer.

postnatale sorg; ouditiewe diskriminasie; gebaretaal; prenatale sorg; inloopsentrum; visuele sluiting; sosiale uitsluiting

1.4.1 'n ... is 'n gemeenskapsgebaseerde fasiliteit wat basiese dienste bied wat daarop gemik is om in die emosionele, fisieke en sosiale ontwikkelingsbehoeftes van kwesbare kinders te voorsien.

1.4.2 Kinders wat in haglike ekonomiese omstandighede leef, kan moontlik ... deur hul maats ervaar.

1.4.3 Suid-Afrika is 'n land met 11 amptelike tale en 12 as ons ... bytel.

1.4.4 Die versorging van die moeder en die baba na geboorte word ... genoem.

1.4.5 … is die vermoë om klanke te onderskei.

(5 × 2) (10)

1.5 Kies die regte woord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (1.5.1–1.5.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.5.1 Kinders wat aan MIV ly, word dikwels deur hulle portuurgroep en onderwysers (gestigmatiseer/gekomplimenteer).

1.5.2 (Die Vereniging vir Serebrale Gestremdheid/Childline) is 'n ondersteuningsgroep vir mense wat aan serebrale gestremdheid ly.

1.5.3 (Geslagsvooroordeel/Geslagsgelykheid) kan ook seksisme genoem word..

1.5.4 Prente in 'n klaskamer moet (geslagspesifieke/niegeslagspesifieke) rolle vertoon.

1.5.5 Multikulturalisme beteken om kinders van mekaar se kulture te leer en hulle te help om (minagting/respek) vir mekaar te ontwikkel.

(5 × 2) (10)
[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 Definieer die volgende terme:

2.1.1 Sinaps (2)

2.1.2 Eiewaarde ('self-esteem') (2)

2.1.3 Uterus (2)

Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

Jy is Chloe se onderwyser. Chloe speel in die fantasie-area. Sy kyk na die plastiese termometer en lyk ontsteld. Haar ma het jou die oggend vertel dat Chloe die middag dokter toe gaan omdat sy die vorige aand van oorpyn gekla het.

2.2 Verduidelik die term *fantasiespel/voorgeespel*. (2)

2.3 gee 'n voorbeeld van fantasiespel. (2)

2.4 Hoe kan jy as opvoeder Chloe help as sy bang is om dokter toe te gaan? (2 × 2) (4)

2.5 Hoekom is dit belangrik om oorprobleme vroeg te identifiseer? (2)

2.6 Verduidelik die term *sensitiewe periode* met behulp van 'n voorbeeld. 2 × 2) (4)

2.7 Babas kan tydens voedings aan sensoriese spel deelneem. 'n Opvoedkundige versorger ('educarer') kan 'n kleuter jellie as nagereg gee.

Hoe sal hierdie aktiwiteit die kleuter se sintuie/persepsie ontwikkel? (5)

[25]

VRAAG 3

3.1 Verduidelik die konsepte *groei* en *ontwikkeling* aan die hand van voorbeelde. (4)

3.2 Die doel met die observasie van kinders is om hulle beter te verstaan.

Bespreek SES waardes van die observasie van kinders. (6 × 2) (12)

3.3 Noem moontlike inligting op die kontrolelys van kinders wat in pleegsorg is. (4)

Kopiereg voorbehou

3.4 Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

Tommy is 3 jaar oud en gaan Smiley's Educare toe. Sy broer is 13 en 'n baie opstandige vroeë adolessent. Smiley's Educare het jou as ouer gebel omdat Tommy vloek en sy maats slaan.

3.4.1 Hoekom dink jy sal Tommy vloek en sy maats slaan? (3)

3.4.2 Hoe sal jy as ouer die probleem met vloekery en slanery oplos? (2)

[25]

VRAAG 4

4.1 Wat beteken *insluiting* ('inclusion') in kindersorg? (2 × 2) (4)

4.2 In Suid-Afrika vind bewusmaking van kinders se regte jaarliks tydens die Nasionale Kinderbeskermingsweek plaas.

4.2.1 Watse regte het kinders met gestremdhede? (5)

4.2.2 Hoe beskerm die Kinderwet kinders? (2)

4.3 Bespreek die VIER maniere van speel. (4 × 2) (8)

4.4 Kyk na die onderstaande foto's en noem die ontwikkelingsdomeine wat met mekaar verband hou. MOENIE 'n ontwikkelingsdomein herhaal nie.

4.4.1



[Bron: https://www.google.co.za/search]

4.4.2



[Bron: *//kidsonbikes.co.uk/best-push-bike-for-kids/*]

4.4.3



[Bron: *https://www.friendshipcircle.org/blog/2014/06/09/10-ways-to-promote-your-childs-cognitive-development/*]

(3 × 2) (6)
[25]

VRAAG 5

5.1 Wat beteken die terme *diversiteit* en *insluiting* ('inclusion')? (2 × 2) (4)

5.2 Noem DRIE voorbeelde van *gender-stereotipering*. (3)

5.3 Bespreek die effek van kultuur op vroeë kinderontwikkeling. (2 × 2) (4)

5.4 Hoe voel Suid-Afrikaners daaroor om in 'n land met so baie diversiteit te woon? (2 × 2) (4)

5.5 Beskryf in jou eie woorde hoe MIV/VIGS 'n kind se ontwikkeling en leer kan beïnvloed. (4)

5.6 'n Kind in jou klas is bang vir spinnekoppe.

Watter simptome kan sy ervaar as sy 'n spinnekop sien? (6)
[25]

TOTAAL AFDELING B: 100
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou